SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 8 FEBRUARIE 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTELS

Dit is met leedwese dat ons moet bekend maak dat Johnny Bekker, ZS6RG, in die ouderdom van 86 jaar op Woensdag 28 Januarie oorlede is. Johnny is dood voor sy HF-radio gevind. Ons innige simpatie gaan aan sy kinders, kleinkinders, agterklieinkind, ander familie en vriende.

Koot Theron, ZS6TH, van Heidelberg is op Donderdag 5 Februarie 2004 oorlede. Koot was vir jare lid van Sasolburg Radioklub. Hy was blind maar baie aktief op die lug totdat veelvuldige sklerose hom aangetas het. Vir die afgelope jaar of wat het sy toestand so agteruit gegaan dat hy bedlêend geraak en sy vrou Susan hom dag en nag moes versorg. Hy kon nie meer die stokperdjie bedryf nie en het toe maar sy toerusting verkoop.. Ons innige simpatie gaan aan sy eggenote, ander familie en vriende.

(POUSE).

In die nuus vandag:

KANDIDATE GENOMINEER VIR DIE SARL-RAAD

VORDERING MET RADIOREGULASIES

DIE SONVLEKSITUASIE

SARL KINDERDAG EN KLUBNUUS

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede.

KANDIDATE GENOMINEER VIR DIE SARL-RAAD

Hier volg die name van die persone wat genomineer is as kandidate vir verkiesing op die Raad van die SARL: Andrew Roos, ZS1AN; Barry Murrell, ZR2DX; Bill Norval, ZS5KD; Dave Perry, ZS1SG; Dennis Green, ZS4BS; Derek Gravett, ZS6DDG; Graham Hartlett, ZS6GJH; Henry Chamberlain, ZS1AAZ; John Fielding, ZS5JF; John Watson, ZS6ABJ; Kobus Conradie, ZR6D; Mat Greyvensteyn, ZS1MJJ; Olivier van Staden, ZS1OLI; Peter Hers, ZS6PHD; Rassie Erasmus, ZS1YT; Richard Seddon, ZS2CLI.

Aangesien daar 16 genomineerdes vir 15 vakatures is, sal 'n posstemming gehou moet word. Die stembriewe sal mettertyd saam met die kennisgewing, agenda, verslae ens. vir die komende AJV aan alle lede van die SARL versend word.

VORDERING MET RADIOREGULASIES

Graham Hartlett, ZS6GJH, het tydens die SARL se Raadsvergadering wat op Saterdag 24 Januarie gehou is gerapporteer dat die nuwe radioregulasies deur drie departemente nl. Wet, Spektrum en Lisensiëring, van OKOSA aanvaar is. Die voorgestelde regulasies is op die agenda vir bespreking tydens die Raadsvergadering van OKOSA op 17 Februarie. Indien nodig sal dit op 19 Februarie gepubliseer word vir kommentaar deur die publiek wat binne 30 dae gelewer moet word. Nadat kommentaar van die publiek in ag geneem is, sal 'n finale dokument vir voorlegging aan die Minister se kantoor voorberei word. Dit word verwag dat dit gedurende April kan geskied.

SARL KINDERDAG

Die eerste van twee SARL-kinderdae vind op Saterdag 14 Februarie plaas. Die aktiwiteit begin om 09:00 en eindig twee uur later met werking op 20, 40 en 2 meter. Die kind se naam, ouderdom, QTH en gunsteling musiekkunstenaar word uitgeruil.

Die volgende klubs gaan jongmense die geleentheid gee om deur middel van amateurradio met ander jongmense te gesels: Die Oosrand ARK gaan vanaf die East Rand Mall op die lug wees. Die Border Radioklub gaan twee stasies in Oos-Londen bedryf, een vanaf die Hemmingway's Casino en die ander vanaf die Vincentpark winkelsentrum. Die Bloemfontein RAK gaan vanaf die Langenhovenpark Boeremark 'n stasie bedryf en die Sandton ARK gaan ook op die lug wees.

SARL HF-VELDDAG

Die eerste been van die 2004 SARL HF-Velddag begin om 12:00 SAT op Saterdag 14 Februarie en eindig 24 uur later. Aktiwiteit sal op 20, 40, 80 en 160 m geskied met GG- en foonwerking. Die reëls vir beide die HF-Velddag en die Kinderdag is beskikbaar op die SARL se webwerf nl. www.sarl.org.za en dit is ook in HF Happenings 81a uitgestuur. Begin nou al met jou finale reëlings vir volgende naweek.

RADIO ZS

Die redakteur is besig om die Januarie/Februarie uitgawe te finaliseer en dit sal teen die einde van die week op die SARL se webwerf beskikbaar wees. Die redakteur rig 'n uitnodiging aan lede om artikels vir publikasie aan hom te stuur. Dit kan in MSWord of pdf-format aan radiozs@sarl.org.za gestuur word.

DIE SONVLEKSITUASIE

Voortplantingstoestande, wat direk deur sonvlekke geaffekteer word, was in die laaste tyd heelwat wisselvallig. Vir die jongste nuus oor sonvlekaktiwiteit bied ons die volgende verkorte uittreksel uit die ARRLnuus:

"Sonwiggelaar" Tad "Shooting Star" Cook, K7RA, van Seattle, Washington, rapporteer: Sonvlekke is weer sigbaar. Verlede week is twee dae sonder sonvlekke gerapporteer, maar hierdie week het die daaglikse gemiddelde sonvloedsyfer met 28 punte tot 66,7 toegeneem. Dit is goed vir die HF-korttermynvoortplanting maar noudat Januarie verby is, toon die maandelikse gemiddelde 'n duidelike afname in die sonvleksiklus.

Gedurende die afgelope 13 maande het die daaglikse gemiddelde sonvloedsyfer verskeie kere onder 100 gaan draai maar was nooit onder 82,6 nie tot Desember en Januarie toe die laagtepunte 75,5 en 62,3 onderskeidelik was. Sonaktiwiteit sal afneem oor die volgende paar jaar met die voorspelde minimum nog drie jaar in die toekoms.

Tans beweeg sonvlek 551 na die senter van die sigbare sonskyf, die plek waar sonvlekke die grootste invloed op die aarde uitoefen. Geomagnetiese toestande teen middag vandag (Donderdag) was ongestadig en tensy die aktiewe gebied rondom sonvlek 551 omgekrap raak, behoort toestande gedurende die volgende aantal dae normaal te wees. Voorspelde sonvloedgetalle vir 6 - 9 Februarie is 105 - 110. Sonvloedwaardes behoort 'n maksimum van ongeveer 130 teen die middel van die maand te bereik.

KLUBNUUS

Van die Oos-Rand Radioklub: Eerstens sal die klub 'n komiteevergadering op 13 Februarie om 19:00 by die klubhuis in Springs hou. Lede wat dit nie kan bywoon nie word versoek om Johanna Harris te skakel by 011 814 2121.

Tweedens word amateurs aan die Oos-Rand uitgenooi om die SARL-kinderdag op 14 Februarie saam te kom geniet by die East Rand Mall. Besoekers kan op die Oos-Randherhaler op 145,675 MHz inskakel vir verwysings. Hulle begin om 07:30 Saterdagoggend opslaan en jou hande en voete sal waardeer word. Die stasie sluit om 11:00. Sien julle daar.

AKTIWITEITE OM AAN DEEL TE NEEM

14 Februarie - SARL Kinderdag; Ook 14 Februarie - SARL Velddag.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied

te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX